# Sojabone baat by

**Plaaslike sojaboonproduksie kan verhoog indien produsente hul fokus op slegs drie aspekte, naamlik plantestand, plantdatum en die groeiklas van die kultivar wat gebruik word, sou toespits.**

"**PLANTESTAND,** plantdatum en die groeiklas van die kultivar wat gebruik word is die belangrikste faktore wat probleme skep met die suksesvolle produksie van sojabone. Trouens, sou produsente aandag aan hierdie drie verbouingsaspekte skenk kan opbrengste van plaaslike sojaproduksie bevredigend verhoog word sonder dat ander bestuursinsette wesenlik daardeur beïnvloed sal word," sê mnr. Nico Barnard, PANNAR se navorsingslandboukundige.

In Suid-Afrika is relatief min navorsing oor sojaproduksie gedoen. Daarby is beskikbare kennis oor die gewas nou al oud terwyl nuwe inligting nie geredelik beskikbaar is of selfs op papier aangeteken is nie. Dit geld vir die volle produksieproses – van aanplant tot stroop.

Van die drietal probleemaspekte kan slegs groeiklas as dié een uitgesonder word waaroor daar redelik baie en goeie navorsing gedoen is. Hierdie navorsing dui dat beskikbare sojakultivars wat groeiklas betref, in twaalf groeiklasse (groeiklas 00 tot groeiklas 9) geklassifiseer kan word.

Volgens hierdie klassifikasie is groeiklas 00 baie vinnige groeiers, terwyl groeiklas 9 die langste (laatste) groeiklas is. Volgens hierdie indeling, bepaal die dagliglengte wat deur 'n spesifieke kultivar benodig word om optimaal te kan ontwikkel en produseer, die gebied waar dit geskik is vir aanplanting. So is 'n kultivar in klas 9 by uitstek geskik vir aanplanting in gebiede op of naby aan die ewenaar. In teenstelling hiermee is die vinnigste groeiers (klas 00) geskik vir aanplanting op breedtegrade sover Noord of Suid van die ewenaar as moontlik. "Met hierdie beginsel en indeling is kultivars

## Uitbreidingsmoontlikhede in die sojaboonmark

Daar is heelwat nuwe verwikkelinge en uitbreidings in die sojaboonmark. Die uitbreidings aan bestaande persaanlegte en die oprigting van nuwe perskapasiteit behoort 'n toename in sojaboonverbouing sterk te steun.

Volgens Graan SA hou die beoogde nuwe perskapasiteit van sojabone die belofte in om die produksielandskap van graan en oliesade merkbaar te verander. Die oppervlakte wat onder sojabone verbou word, het sedert 2004 vanaf 135 000 ha tot 480 000 ha in 2012 aangegroei.

Teen 'n opbrengs van 1,95 ton/ha kan verwag word dat die produksie van sojabone in 2012, 938 000 ton kan beloop. Die produksie van sojabone het dus sedert 2009 met meer as 80% toegeneem.

Met die internasionale vraag na plantproteïene wat daagliks toeneem, is dit veral Sjina wat die groot dryf is agter die vraag. Die Suid-Amerikaanse lande ervaar swak produksietoestande wat die aanbod kan afdruk. Dit alles stimuleer die goeie prys vir sojabone. Daar is nog baie potensiaal vir die uitbreiding van soja-aanplanting vir die toekoms.




**PAN 1664R het wye gebiedsaanpasbaarheid en lewer die beste algehele prestasie in koel-, gematigde- en warm produksiestreke. Met uitstaande opbrengsstabiliteit is dit die toppresteerder in die LNR nasionale proewe.**

# vroeë plantdatums

in groeiklasse 5 en 6 die beste aangepas vir gebruik volgens breedtegraad ligging van die Suid-Afrikaanse produksiegebiede. As uiterstes kan 'n mens dit beskou dat kultivars tussen groeiklas 4,5 tot 6,5 vir plaaslike toestande redelik veilig is en goeie oessekerheid bied," sê Barnard.


Wat plantdatum betref neig produsente wat gewoonlik ook mielies verbou om hul sojabone eers na mielies te vestig. Dit kan verkeerd wees. Sojas moet saam met of selfs nog voordat mielies geplant word in die grond kom. Hoe vroeër sojas geplant word hoe beter, sê hy. Soos dagliglengte met die seisoensverloop na 22 Desember korter word, begin sojaplante om van vegetatiewe groei tot reproduktiewe groei (blom) oor te gaan. In die praktyk en ongeag die plantdatum van sojabone blom verskillende aanplantings redelik na aan mekaar. Hierdie verskynsel word deur die grafiek hierby toegelig. Die voordele van sojas wat vroeg geplant word is groter plante weens beter vegetatiewe groei. Die gevolg hiervan is veral meer plantlitte en dus oksels waar blomme vorm om peule voort te bring. (Sien Tabel 1).

"Wat plantestand betref is dit eerstens belangrik dat slegs saad van goeie gehalte en vanaf 'n betroubare bron gebruik moet word. Na aanplanting is dit belangrik om die stand van saailinge te beskerm. Veral gedurende die tydperk tussen ontkieming en opkoms van saailinge is dit nodig om in ag te neem dat die nekkie van die sojaplantjie baie sensitief is en uiters maklik kan breek."

"Hieruit is dit duidelik dat alle vooraf grondbewerkings en plantdiepte 'n invloed op die oorlewing van saailinge het. Hoe dieper die saad in die grond geplant word hoe dunner rek die nekkie uit om bo die grondoppervlak te kom en hoe meer geleentheid is daar vir skade. Om 'n sojaland tussen die plantproses en opkoms van saailinge te roleg is beslis taboe," aldus Barnard.

Plantestand hang van grondtipe, boerdery praktyke, rywydtes en plantdatum af. Met vroeë plantdatums kan 'n effens verminderde stand steeds doeltreffend wees, dit is egter beter om 'n hoër plantestand te vestig om sodoende, met foute wat kan plaasvind, steeds 'n bevredigende stand te behaal.

"Laastens is dit raadsaam en lonend dat produsente, na gelang die beplande plantdatum van hul sojas, op die aanbevelings vir optimale stand wat PANNAR se verteenwoordigers verskaf sal let," sê Barnard.




**Daglengte beïnvloed die ontwikkeling van sojabone (fotoperiodes sensitief). Lang dae en kort nagte stimuleer vegetatiewe groei, terwyl die omgekeerde blomvorming stimuleer. In die praktyk en ongeag die plantdatum van sojas blom verskillende aanplantings redelik na aan mekaar.**

**Tabel 1.**
**Gemiddelde peule per plant en opbrengs van PAN 1664R by drie verskillende plantdatums.**

| Plantdatum | Gemiddelde peule/plant | Opbrengs ton/ha |
|---|---|---|
| 26-10-2011 | 138 | 2,85 |
| 16-11-2011 | 73 | 2,04 |
| 07-12-2011 | 57 | 1,57 |

## Sojabone van ongeëwenaarde gehalte

As markleier, is PANNAR se veelsydige sojaboonkultivars pasgemaak vir die produsent. Die PANNAR sojaboonteelprogram het in die laat 1980's begin en ons toewyding het vrugte afgewerp in terme van prestasie. Die kultivars het vir die afgelope twee jaar bogemiddeld presteer met pakkette wat van so 'n aard is dat produsente kultivars vir elke streek en plantdatum kan kies.
PAN 1664R is die toppresteerder in die LNR nasionale proewe die afgelope twee jaar.